Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 3 Mei 1950 Prys 3d. No. 24

# SOWJET SAL 1952 OPPERMAGTIG IN WÊRELD WEES

**„Daar is matematiese redes om te glo dat oorlog enige tyd tussen 1952 en 1960 sal uitbreek," skryf die deeglik ingeligte Intelligence Digest. Die blad beklemtoon dat Rusland hoop om teen 1952 oppermagtig te wees op militêre en strategiese gebied en dat hy te enigertyd daarna sy wil met wapengeweld aan die wêreld sal kan opdring.**

**„Die Russiese generale staf meen dat hul voorbereidings so voor die wind gaan dat met inagneming van Rusland se onkwesbaarheid en sy geweldige duikbootvloot, dan in 1952 'n volstrekte verskuiwing van mag in die wêreld sal wees. Indien die Westerse moondhede vroegtydig ontwaak, bestaan daar min twyfel dat Rusland, indien hy kan, eerste sal slaan. Maar daar is redes om te glo dat, indien die Atlantiese moondhede verstandig is en hul hulpbronne op die beste wyse aanwend, dit vir Rusland onmoontlik of noodlottig sal wees. Dit wil nie sê dat die oorlog teen 1952 sal uitbreek nie, maar dit beteken wel dat daar 'n baie groot magsverskuiwing sal plaasvind. Daarna sal die moontlikheid van oorlog veel groter wees. Daar is matematiese redes om te glo dat dit te enigertyd tussen 1952 en 1960 sal uitbreek.**

„Indien die Atlantiese moondhede 'n kragdadige en doeltreffende strategie uitwerk, is dit nie seker dat oorlog afgewend sal word nie — dit kan dit selfs verhaas. Daar sal egter 'n veel groter moontlikheid wees om dit te voorkom, of indien dit wel kom, 'n beter kans om dit te wen.

„Rusland se strategie is dus om ons vir nog 'n tydjie aan die gang te hou onderwyl hy sy atoomnywerheid versterk. Hy heg geweldige groot waarde hieraan. Hy glo dat as hy ons tot 1952 stil kan hou, hy baie naby aan sukses sal wees."

Die blad beklemtoon dat hierdie onheil die hoof gebied moet word deur die maksimale ontwikkeling van die Westerse volke se militêre krag, die omskepping van Turkye tot 'n militêre en politieke basis vanwaar atoombom-aanvalle geloods kan word op Sowjet-olievelde, die ontwikkeling van Afrika se ekonomiese bronne en die aanknoping van 'n politieke offensief binne die Russiese ryk.

## EEN UIT ELKE DRIE MENSE IS AAN STALIN ONDERHORIG

**Daar is nou 800 miljoen Kommuniste en Kommunisbeheerde mense in die wêreld — 'n vermeerdering van 588 miljoen in tien jaar se tyd, het die oud-lugmagminister van die V.S.A., Stuart Symington, in 'n toespraak gesê toe hy met nadruk verwys het na „die omvattende skep van kommunistiese agressie."**

Symington wat nou die belangrike pos van voorsitter van die Bronneraad vir Veiligheid beklee, het daarby gevoeg dat hy geensins glo dat daar oorlog sal wees nie, mits die V.S.A. sorg dat hy sterk bly.

„Rusland het 'n groter leër as al die Westelike Geallieerdes saam en hy het ook die grootste lugmag en duikbootvloot", het hy gesê.

Hy het daarop gewys dat Rusland talle male al kennis gegee het dat sy oogmerk 'n Kommuniste-oorheersing van die wêreld is. „En net soos Hitler gedoen het deur die voorskrifte van ‚Mein Kampf' te volg, het hulle ook nog steeds die daad by die woord gevoeg."

Die bevolking van die wêreld word op ongeveer 2,200,000,000 geskat, sodat Stalin oor meer as een-derde van die totale wêreldbevolking heers.

## Tito Skuif In By Weste

Maarskalk Tito, Kommunistiese diktator van Joegoslawië, het verlede week voor sy parlement 'n kwaai aanval op Rusland en die Kominform-lande gemaak, terwyl hy in dieselfde asem vriendskaplike verwysings na Italië en Griekeland gemaak het. Nadat hy die Sowjet-lande beskuldig het van allerlei ondeugde waarvan een die verdraaiing van die geskiedenis is, het hy te kenne gegee dat hy vriendskaplike betrekkinge met Italië en Griekeland begeer en binnekort 'n diplomatieke verteenwoordiger in Griekeland wil aanstel.

Tito se toespraak word deur waarnemers beskou as 'n duidelike wegbreking van Rusland en 'n inskuiwing by die Weste. Sy vriendelike verwysing na Griekeland nadat Joegoslawië sedert die oorlog die Kommunistiese rebelle in eersgenoemde land so sterk ondersteun het, word veral as belangwekkend beskou.

## KOMMUNIS WAS HOOF VAN FRANKRYK SE ATOOMNAVORSING

**Blykbaar as gevolg van Amerikaanse druk het die Franse regering verlede week die hoof van sy atoomnavorsing, dr. Joliot-Curie, in die pad gesteek nadat hy vier jaar lank die posisie beklee het, hoewel dit bekend was dat hy 'n lid van die Kommunistiese Party en uitgesproke Kommunis is. Op vertoë van die Amerikaanse regering, is voorheen van Franse amptelike kant geantwoord dat Curie nie met die militêre aspek van atoomnavorsing te doen het nie.**

'n Paar weke gelede het Curie 'n Kommunistiese Party vergadering toegespreek en homself in die volgende taal uitgelaat: **„Ons Kommuniste weet dat die Sowjet-unie nie die eerste sal wees om die atoombom te gebruik nie. Dit is daarom dat 'n ware progressiewe wetenskaplike nooit 'n greintjie van sy kennis sal gee vir die doel om oorlog teen die Sowjet-unie te maak nie."**

Hy het voorts beklemtoon dat hy nie met Amerika sal saamwerk in verband met atoomaangeleenthede nie.

Die Amerikaanse blad Time se kommentaar op hierdie toedrag van sake is dat onderwyl die hele anti-kommunistiese wêreld op soek is na Kommuniste onder die bed, word 'n Kommunis binne in die verebed nie raakgesien nie. Die blad wys voorts daarop dat Frankryk sedert die einde van die oorlog byna vier en half biljoen dollars aan Marshallhulp van Amerika ontvang het en onlangs sy eerste skeepsvrag wapens kragtens die Atlantiese Verdrag, en dan laat sy regering hierdie soort van ding toe.

**Volgens die Engelse pers berig, is een-vyfde van Frankryk se atoomnavorsingspersoneel Kommuniste, en meeste politieke partye in Frankryk dring tans aan op 'n grootskaalse suiwering — ook van die polisie en leër, waarin groot getalle Kommuniste nog is.**

## ‚ONS VERKEER KLAAR IN 'N OORLOG'

**„Ons is werklik in 'n oorlog — dit is 'n amper-oorlog, 'n koue oorlog, maar nogtans is dit 'n oorlog. Dit beteken nie dát daar 'n warm oorlog met Rusland op hande is nie, maar ons moet besef dat hierdie koue oorlog 'n ernstige saak is. Die Russe se spel is nie kamtig nie. As ons sou verloor, sal die uiteindelike gevolge dieselfde wees as om 'n warm oorlog te verloor", het die besadigde persdirekteur, John Cowles, na sy terugkeer uit Europa en die Midde-Ooste in Amerika verklaar.**

**Hieraan kan toegevoeg word die vraag: gesien dat daar werklik 'n oorlog is, waarom word Russiese diplomate in 'n land soos Suid-Afrika nog toegelaat om hul vyfde kolonner-werk ongehinderd voort te sit?**

## MOSKOU SPOG MET MILJOENE DISSIPELS

**Die Moskouse radio het verlede week daarop aanspraak gemaak dat daar reeds 18,000,000 Kommuniste buite die grense van die Sowjet is — „'n baie groot toename in vergelyking met die vooroorlogse syfers". Daaraan is toegevoeg dat agter hierdie miljoene „honderde miljoene werkers en kleinboere" staan.**

## NOU VERKIESING OOR KONING

Nadat België reeds etlike weke sonder regering is, is verlede week besluit om 'n algemene verkiesing te hou oor die terugkeer van koning Leopold. Die regent, prins Karel, het tweemaal geweier om Paul van Zeeland, 'n vurige Leopold-man, toe te laat om 'n kabinet te vorm.

## Tyd Vir Optrede Breek Aan

**„Ek voel dat die Ossewabrandwag die dageraad van sy kanse tegemoet stap. En dit sal ons sonde wees, as ons die kanse nie gebruik om ons volk te red nie," het genl. J. A. Smith verlede Saterdag op Cradock verklaar toe hy die Gebiedsraad van die Ossewabrandwag in Oos-Kaapland toegespreek het. Die vergadering het plaasgevind onder voorsitterskap van die Gebiedsleier, mnr. P. J. Botha.**

Ten aanvang het die voorligtingsoffisier, mnr. W. R. Laubscher, 'n breedvoerige uiteensetting gegee van die gunstige geleenthede wat omstandighede vandag aan die Ossewabrandwag bied. Nadat die offisiere die saak deeglik bespreek en uitgepluis het, is besluit om die kommando-organisasie op te knap en aan te vul met die stelsel van gesinsbearbeiding. En voorts dat die vroue-arm van die organisasie aangevul sal word deur die konstituering van vrouerade — een vir die gebied en voorlopig een vir Port Elizabeth en omgewing.

Op voorstel van mnr. J. J. Duvenage, generaal oor Middelburg en omgewing en gesekondeer deur mev. Max Michau, die gebied se vroueleidster, het die offisiere hulle eenparig vereenselwig met hul vriende in Wes-Kaapland en Transvaal deur die herformulering van die O.B. se taak te onderskryf wat in Maartmaand deur die Wes-Kaaplandse offisiere aangeneem is.

### GENL. SMITH

**Genl. Smith het verklaar dat dit reeds duidelik geword het dat iets buitekant die partystelsel die Afrikanervolk se ideale sal moet verwesenlik. En dit is juis vir hierdie taak waarvoor die Ossewabrandwag geroepe is.**

Dit is oneerlik om die naam van die koning se verteenwoordiger in Suid-Afrika van goewerneur-generaal na president te verander en dan te wil voor-

(Vervolg op bladsy 6 kolom 3)

## BRITSE OPPOSISIE VERVUL SY PLIG MET HUIWERING

**Die Britse opposisie het verlede week nog 'n onwillige poging aangewend om, ter uitvoering van sy amptelike taak, die regering tot 'n val te bring, en toe met verligting kennis geneem dat die regering homself gehandhaaf het met 'n meerderheid van vyf.**

Dit het gegaan om twee mosies in verband met die begroting wat deur die opposisie gestel is en wat kon lei tot die regering se bedanking indien dit aangeneem was.

Die regering het met behulp van sy swepe gesorg dat al wat kon loop of spring van sy parlementêre stemvee ingejaag is — selfs siekes is uit die bed gehaal en kreupeles het op krukke aangewip gekom om aan die skyngeveg deel te neem.

Churchill se party het egter gesorg dat die uitslag van die stemmery nie sy partypolitieke strategie in die war stuur nie. Die oorwinning van die regering is, volgens Sapa-Reuter se korrespondent, deur die opposisie met verligting aanvaar:

**„Verheug omdat hulle die regering so op die rantjie van 'n nederlaag gehad het, was die Konserwatiewes nogtans verlig dat die Arbeidersparty nie verslaan is nie. Meeste Konserwatiewes het besef dat dit sielkundig verkeerd sou wees om die land in 'n nuwe verkiesing te dompel oor 'n saak soos die petrolbelasting."**

DIE O.B., WOENSDAG, 3 MEI 1950

# WERP DIE RADIO IN TEEN KOMMUNISME

Die regering is glo voornemens om hierdie sitting wetgewing deur te druk ter bestryding van die Kommunisme. Die beoogde maatreël het hoofsaaklik te doen met die beperkinge op kommunistiese bedrywighede en verteenwoordig dus eintlik die negatiewe aspek van die vraagstuk. Daarmee kan geen fout gevind word nie, trouens, hierdie blad dring die afgelope jare al aan op doeltreffende maatreëls teen kommunistiese opsweping wat onder andere sal insluit 'n verbod op die Kommunistiese Party as sodanig en die uitsluiting van enige Kommunis in bestuursliggame van die land — ook die parlement, provinsiale en stadsrade wat reeds hul kwota Kommuniste het, veral in Kaapland.

'n Stryd soos hierdie kan egter nie net met afweerwapens verower word nie. Wat die wêreldpolitiek betref, is daar waarnemers wat pleit dat die Westerse volke moet oorgaan tot die aanval op politieke gebied deur middel van propaganda en die stigting van ondergrondse weerstandsgroepe agter die Ystergordyn. Ook die Amerikaanse Republikeinse leier, Thomas Dewey, het 'n paar weke gelede by sy regering aangedring op 'n verskerping van die propagandadiens sodat dit die volke agter die Ystergordyn kan bereik. **So 'n politieke offensief beskryf 'n vooraanstaande Britse waarnemer as van veel meer waarde as atoombomme. Die feit dat Rusland selfs hoop om sy oogmerk van wêreldverowering langs hierdie weg te kan bereik sonder 'n „warm oorlog" behoort 'n aanduiding te wees van die waarde van so 'n politieke wapen.**

**NUTTIG VIR SUID-AFRIKA**

**Maar dit is 'n wapen wat nie net beperk is tot wêreldoptrede nie — dit kan ook in Suid-Afrika met baie groot vrug aangewend word.** Kommunisme in Suid-Afrika het sedert geruime tyd al opgehou om 'n suiwere ekonomiese aangeleentheid te wees. **Dit is vandag 'n uit en uit rasse-aangeleentheid waarby die ekonomiese 'n baie ondergeskikte rolletjie speel. Dit is politieke regte vir nie-blankes wat die hoofplank van die Kommunisme in Suid-Afrika vorm. Hulle het dit 'n nasionale stryd gemaak en nie 'n ekonomiese nie.** Die kleurverhoudings is die terrein wat Moskou in ons land gekies het vir sy slagveld in die koue oorlog.

'n Verdedigingsoorlog op hierdie terrein, soos die voorgestelde wetgewing met sy verbodsbepalings, beoog, is goed, maar nog meer is nodig voordat die regering op welslae in sy afweer stryd kan hoop. **Daar moet oorgegaan word tot 'n politieke offensief teen die Kommunisme en wel op die terrein wat hy vir sy slagveld uitgekies het. Danksy die moderne tegniek kan ongeletterde massas vandag betreklik maklik met sentraalbeheerde propaganda bereik word deur 'n regering wat die nodige ondernemingsgees het. Die radiowese bied daardie moontlikheid, en waar daar tans weens die instelling van 'n bykomende radiodiens sprake is dat parlementêre debatte en sake van betwisbare aard uitgesaai kan word, het die tyd aangebreek dat die regering grondige aandag gee aan die moontlikheid van 'n spesiale nie-blanke diens deur middel waarvan opbouende en positiewe voorligting gegee kan word aan die miljoene nie-blankes wat vandag die gewetenlose Kommunistiese agente ten prooi val weens hul onkunde en vatbaarheid vir rassevooroordele.**

Die regering behoort in te gaan op die moontlikheid van subsidiëring van ontvangtoestelle in naturellegebiede en stedelike woonbuurtes, en desnoods die gratis verspreiding daarvan waar dit nodig mag wees, moontlik op 'n grondslag van groepbediening.

**EIE SENDER?**

'n Bekwame personeel wat 'n eerlike belangstelling het vir die nie-blanke se ontwikkeling, behoort vir die diens gebruik te word, en al kan daar voorlopig maar net 'n paar ure op 'n dag of selfs maar in die week afgestaan word op 'n geskikte tyd van die dag, sal dit al baie help om as teengif te dien vir die Moskouse geestesbesoedeling. **Dit is veel meer noodsaaklik om so 'n diens in te stel as die uitsending van parlementêre praatjies wat moontlik toegestaan kan word.**

**Veel beter sou dit natuurlik wees indien die regering 'n spesiale golflengte vir die naturelle kan verskaf wat in Bantoe-tale 'n voltydse diens kan lewer.**

Dit spreek vanself dat 'n saak soos hierdie buite die partypolitiek gehou moet word en dit is nodig dat die samewerking van die groot partye vir so 'n onderneming verkry moet word. **Maar dit is in elk geval 'n saak wat geen uitstel kan duld nie. Met speurders en amptenare wat „die toestand dophou" sal Suid-Afrika nie gered kan word nie. Verbeeldingryke en kragdadige optrede moet mekaar hier aan die hand vat.**

# Die K.G.

Ons wil van ganser harte die mondstuk wees van al die lede en vriende van die Ossewabrandwag om aan dr. J. F. J. van Rensburg, wat, weens gesondheidsredes, tydelik uitgetree het as Kommandant-generaal, 'n spoedige en volkome

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

herstel toe te wens.

Dr. Van Rensburg het in die vroeë oorlogsjare leier van die Ossewabrandwag geword en dit is hoofsaaklik aan sy besielende en onbevreesde leiding te danke dat die Ossewabrandwag op skouspelagtige wyse uitgestoot het as die mees onverskrokke strydbeweging van die huidige Afrikanergeslag.

Hans van Rensburg se naam sal tot in lengte van dae onlosmakelik gekoppel bly aan ons volk se republikeinse verset teen Empire-handlangerdiens tydens die tweede wêreld-oorlog.

Maar die oorlogsjare van spanningvolle stryd het sware fisiese en geestelike eise gestel — en vandag moet die Ossewabrandwag vir Hans van Rensburg onbelemmerde geleentheid gun om daardie eise af te los.

Ons gun hom dit ook — maar nogtans is dit jammer dat dr. Van Rensburg se tydelike en verpligte uittrede juis moet plaasvind op 'n tydstip wanneer nuwe moontlikhede en geleenthede vir die Ossewabrandwag voorkom. **Laat elke offisier en brandwag derhalwe besluit om sy of haar waardering vir dr. Van Rensburg se selfopofferende dienste aan ons beweging te betuig deur self voortaan nog meer diens aan die Ossewabrandwag te lewer.**

Die Ossewabrandwag is gelukkig om in hierdie dae 'n man soos professor Dirk van Rooy, Voorsitter van die Grootraad, beskikbaar te hê vir die verantwoordelike posisie van waarnemende kommandant-generaal. Hy het reeds sy merk gemaak in ons Beweging en sy deeglike eienskappe is reeds deur die Grootraad erken toe daardie liggaam hom tot hulle voorsitter gekies het.

Dirk van Rooy is 'n eerbare en besadige man. Hy is boweal 'n bekwame man. Sedert die ontstaan van die Ossewabrandwag was hy 'n oortuigde en geesdriftige lid van die beweging. Met sy verstand aanvaar hy die regverdigheid van die O.B. se beginsels en in sy hart is daar 'n kinderlike geloof in die roeping van die beweging.

Dit is die man wat tydelik aan die hoof van die Ossewabrandwag geplaas is.

Namens die manne en vroue van die O.B. verwelkom ons hom en wens ons hom van harte geluk met sy aanstelling; beloof ons hom volle ondersteuning; en vertrou ons dat sy leiding besielend en vrugbaar sal waas.

# REPUBLIEK BINNE BRITSE STATEBOND

## Laaste Stap Wat Oorbly Op Vryheidspad

**In die volksraad het die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, 'n paar weke gelede hom weereens uitgelaat oor die verkryging van 'n republiek en verduidelik watter soort republiek dit is wat hy aan dink. Omdat ons hier te doen het met 'n kardinale beginsel in die vryheidstryd, naamlik die al of nie verbreking van die Britse konneksie, is die presiese woorde van die Eerste Minister, soos weergegee in Hansard, van besondere betekenis. Daaruit blyk dat hy hom ondubbelsinnig stel op die grondslag van 'n republiek binne die Statebond as die laaste en finale stap op die vryheidspad.**

Ons neem oor uit Hansard deel II vanaf kolom 4257:

Die Eerste Minister: . . . **U verstaan nie of wil nie verstaan nie, die verandering wat daar in die Britse Ryk self gekom het nie. Die verandering wat daar gekom het, het hierop uitgeloop dat daar geen Britse Ryk vandag meer is nie.**

'n Agb. Lid: Ons weet dit baie goed.

Die Eerste Minister: Daardie vriend daar oorkant, wat behoort tot die uiterste Imperialiste, of sal ek sê die jingoïstiese seksie van die land, het die ekskuus gemaak dat dit 'n glips was toe hy gepraat het van die Britse Ryk of Empire. In elk geval, daar bestaan lankal nie meer 'n Britse Ryk nie, behalwe soos toegepas op Engeland en sy kolonies. Dit is al lankal nie meer van toepassing op die Dominiums nie. Die Dominiums behoort nie tot die Britse Ryk nie.

Mnr. Russell: Sê dit aan die Minister van Lande.

Die Eerste Minister: Ons het nie meer die posisie van Engeland as die prinsipaal, met 'n klomp onderhorige state nie. In plek daarvan het gekom 'n aantal state wat konstitusioneel gelyk met mekaar staan en gelyke regte het.

**AL SEDERT 1926**

Mnr. S. J. M. Steyn: **Wanneer het u 'n Sap geword?**

Die Eerste Minister: Dit is iemand wat voorgee dat hy as goeie propagandis die waarheid verkondig; hy moet 'n bietjie meer kennis hê van konstitusionele ontwikkelinge. **Daar is geen Britse Ryk meer nie, behalwe Engeland en sy kolonies. Die Dominiums is deur die verklaring van 1926, en later deur die Statuut van Westminster en die Statuswette verander tot 'n groep van state met dieselfde status, gelyk in alles, die een nie onderworpe aan die ander nie. So staan dit daar beskryf. Wel, dit is die nuwe toestand wat in die lewe gekom het.** Dit was 'n vrye keuse gewees. Daar is geen dwang in enige opsig nie. As hulle van mekaar wil verskil, het hulle die reg om dit te doen. Geeneen van die Statebondslande is verplig om uitvoering te gee aan 'n besluit wat deur 'n Imperiale konferensie aangeneem is nie. Hulle is 'n groep vry state, alhoewel hulle met mekaar in vriendskap geassosieer is.

Agb. Lede: Hoor, hoor!

**LONDENSE VERKLARING**

Die Eerste Minister: Dit lyk my of dit die enigste ding is waarin u belangstel in Suid-Afrika.

Mnr. Tothill: Waarom wil u dan 'n republiek hê?

Die Eerste Minister: Daar het 'n verdere verandering gekom met die Verklaring van Londen, en dit is dat as die een of ander lid van die Statebond 'n republiek wil word, **dan hoef hy nie die vrye assosiasie van die Statebond te verlaat nie. Enigeen kan — en dit gaan met die goeie wil en die seën van die ander lede — as hy dit wil, met die koningskap breek en 'n republiek word.** Almal het dit aangeneem, al die lede van die Statebond. . .

**NOG NET EEN STAP**

Ek kom nou by die vergadering op Citrusdal. Die beswaar wat hier gemaak is, is dat ek gesê het op Citrusdal dat daar maar net een band is wat ons nou bind en **wat verander moet word indien Suid-Afrika 'n republiek wil word — een stap tot 'n republiek.**

Mnr. Russel: Net een?

Die Eerste Minister: Kan u aan my sê, met die posisie wat ons bereik het, watter band daar is tussen ons en Engeland en die ander lede van die Statebond — met uitsondering van Indië — watter band daar nog oorbly wat verbreek kan word? Ons het die vryheid waarop ek nadruk gelê het op Citrusdal, met 'n doel. Ons het daardie vryheid verkry stap vir stap, ten spyte van lede aan die oorkant en hul party. Ons het dit verkry stap vir stap, en ek wil weet: As daar nog 'n band moet verbreek word, **watter stap is daar wat nog moet gedoen word as eenvoudig net 'n president te kry in die plek van die Goewerneur-generaal? Kan** u vir my sê watter verband daar nog is?

**SOOS INDIË**

Dit is oor en oor gesê dat daar nog een band is wat ons bind aan die Statebond en dit is die gemeenskaplike koningskap — „the only link." Dit is oor en oor laaste jaar by die Londense konferensie gesê. Dit is die enigste band, maar as dit so is dan is daar net een stap om te neem om 'n republiek te word. Wat is verkeerd daarmee?

Soos ek laaste jaar hier gesê het en soos ek nou op Citrusdal gesê het, ons kan 'n republiek word, sonder die teenstand van of van Engeland of van een van die ander lede van die Statebond. **Maak ons soos Indië gedoen het, dan gaan dit gebeur met hulle seën. Hulle gaan ons nie opponeer nie.** As ons isolasie wil voorkom — want die ou argument teen 'n republiek is isolasie — **dan kan ons bly in die Statebond by die wat ons as vriende beskou het en met wie ons gemeenskaplike belange het. Dit is 'n republiek sonder 'n rewolusie. Dit is die pad van ontwikkeling, stap vir stap, sonder rewolusie, sonder isolasie, en ons is nou uiteindelik daar.**

Hierdie hele geveg vanmiddag was net om een rede. U is bang om daardie gedagte by die Engelssprekendes te laat posvat dat ons 'n republiek kan kry sonder rewolusie en sonder isolasie, met ander woorde 'n republiek beteken nie dat ons anti-Brits sal wees nie.

**REPUBLIKEINSE STANDPUNT**

Bostaande aanhalings toon ondubbelsinnig dat dr. Malan tans staan vir 'n republiek binne die Statebond, dit wil sê, 'n republiek met handhawing van die Britse konneksie, **waarvan die koning nog simbool sal wees, soos in die geval van Indië. Hy sal net nie meer staatshoof wees nie.**

**Meeste republikeine sal egter verkies om nog te staan by die suiwere ideaal wat dr. Malan voorheen, volgens Die Burger van 3 November 1941, as volg vertolk het:**

**„In die tweede plaas moet ons eis niks minder as die verbreking van die Britse konneksie en die stigting van 'n vrye, onafhanklike republiek nie."**

# Staatsmanskap — En Nie Partypolitiek Nie — Nodig Vir Afrika-Ontwikkeling

**„Die tyd is nie meer veraf nie dat die openbare mening, sat vir die verdeeldheid wat deur die partypolitiek aangewakker word, vir leiding sal opsien na diegene aan wie se status nog geen partypolitieke geure kleef nie. Die dag vir die staatsman sal aanbreek," het die voorsitter an die Suid-Afrikaanse Gefedereerde Kamer van Nywerhede, mnr. Ian Fleming, gesê by geleentheid van 'n kongres van geoktrooieerde sekretarisse in Salisbury. Hy het 'n beroep op die nywerhede gedoen om hulself voor te berei ten einde behulpsaam te wees.**

## Nyweraar Se Hoop Op Toekoms

Die toekoms van Suidelike Afrika hang van nywerhede af en nuwe nywerhede is besig om van oortreffende belang te word, het mnr. Fleming gesê. Die bydrae wat die sekondêre nywerhede regstreeks en onregstreeks tot die nasionale inkomste van die Unie gelewer het, beloop 60 persent.

Mnr. Fleming het teen 'n geskiedkundige agtergrond die sosiale omwenteling geskets wat die nywerheidsontwikkeling meegebring het. Binne die volgende geslag sal die nywerhede wat op steenkool berus, ewe belangrik as die wolbedryf wees, het hy voorspel.

### EENSTEMMIGHEID

Die verskil tussen die naturellebeleid van die Britse departement vir koloniale aangeleenthede en die opvatting van die blanke bevolkings in Suidelike Afrika is deur mnr. Fleming beklemtoon. **Ten opsigte van die naturellebeleid heers daar, volgens hom, 'n groot mate van eenstemmigheid van die Kaap tot aan die Sambesie.** Dat baie geredeneer word ten opsigte van die beste plan wat toegepas moet word, toon volgens mnr. Fleming geen beginselverskil nie. Dit is 'n uitvloeisel van die besef dat 'n oplossing groot opofferings van alle kante sal vereis.

### PARTYPOLITIEK

**Die politikus, het hy voortgegaan, buit die besorgde stemming uit vir partypolitieke en selfs onpatriotiese belange, maar die dag vir die staatsman sal aanbreek, het hy voorspel. Die tyd is nie meer veraf nie dat die publieke opinie, sat vir die verdeeldheid wat deur partypolitici aangewakker word, vir leiding sal opsien na diegene aan wie se status nog geen partypolitieke geurtjies kleef nie. Hy het die nywerhede wat al baie ondervinding opgedoen het betreffende die verhouding tussen bestuur en arbeid, aangemaan om hulleself voor te berei om behulpsaam te wees.**

### MOET HELP

**In hierdie stadium sal die nywerheid sy verantwoordelikhede op die politieke terrein moet erken en deur middel van sy beskermende verenigings sal hy bereid moet wees om te help om praktiese maatstawwe aan te bied in die ekonomie en die nywerheidsosiologie, wat beter beskryf kan word as die verhouding tussen bestuufr en arbeid sowel binne as buite die fabriek, het mnr. Fleming in hierdie verband gesê.**

Ten opsigte van naturellearbeid het hy verklaar dat die aanleg van die naturelle vir meganiese werk nog nie wetenskaplik benut word nie. Deurdat meganiese werk hom nie afmat nie, kan die naturel 'n belangrike faktor word in die massaproduksie van goedere wat sodanige nywerhede in staat sal stel om op die wêreldmarkte mee te ding.

### STAATSBEHEER NODIG

Die maatskaplike probleem van die volgende geslag sal wees om groot getalle naturelle te huisves in gebiede waar die nywerheidsontwikkeling hulle kan dra. **Mnr. Fleming is van oordeel dat Afrika besuide die Sambesie hoogstens vyf miljoen blankes en 30 miljoen naturelle kan onderhou.**

Hy erken dat onder die huidige ingewikkelde toestande 'n mate van staatsbeheer en -beplanning noodsaaklik is. Slegs die staat kan die water, krag en arbeid voorsien waar nywerhede dit nodig het. Die belastingbetaler wat die geld moét bybring, het die reg om te verwag dat die natuurlike hulpbronne wat ontgin word, tot voordeel van die grootste aantal mense moontlik aangewend moet word. Monopolieë moet derhalwe aan bande gelê word.

Laastelik het mnr. Fleming die kapitaalbronne in oënskou geneem waaruit die ontwikkelingskemas, gefinansier moet word. Onderwyl Europa uit die Marshall-hulpplan gehelp word en daar ook fondse beskikbaar is vir die ontginning van agterlike lande, bestaan daar feitlik geen masjinerie wat in die behoeftes van 'n land soos Suid-Afrika kan voorsien nie en wat tog bereid is om alle kapitaal terug te betaal.

## Partypolitiek Is Dié Vraagstuk Sê L.V.

**Die grootste vraagstuk in Suid-Afrika is die gehalte van partypolitiek, het mnr. Baily Bekker, L.V., verlede week op 'n vergadering in Kaapstad gesê.** Hy het beklemtoon dat partypolitiek as een van die metodes waarop die demokrasie werk, 'n middel moet wees en nie 'n doel op sigself nie. Hy het die regering beskuldig dat hy hoofsaaklik in die partypolitiek belangstel, met die gevolg dat hy vyande van almal in en buite die land maak.

## A.P.-KONGRES IN JULIE

**Die Afrikanerparty se kongres is bepaal vir Dinsdag en Woensdag, 25 en 26 Julie, in Bloemfontein. Op die Dinsdagoggend vind 'n vergadering van die hoofbestuur plaas en die aand om 8.15 die openbare opening in die stadsaal.**

**Dit sal onthou word dat die party sy kongres verlede jaar uitgestel het onder meer weens min. Havenga se langdurige afwesigheid in die buiteland.**

## „Brittanje Moet Oor Kleurbeleid Nou Tot Besluit Kom"

**„Wat die regering betref, laat hom besluit of sy eindideaal 'n koffiekleurige, gleufogige, kroeskop-bastervolk vir die hele wêreld is of 'n verskeidenheid van afsonderlike, trotse selfrespekterende rasse wat elkeen sy besondere diens aan die mensdom lewer. Hulle sal gou moet kies, want hulle kan nie baie langer op die doringdraagheining bly sit nie," skryf sir Oswald Mosley se blad Union na aanleiding van die Britse houding oor die Seretse Khama-menghuwelik.**

Die blad neem dit die Britse regering kwalik dat hy nie reeds toe dit bekend geword het dat Seretse van plan was om met 'n blanke te trou, ferm opgetree en hom gewaarsku het dat hy in so 'n geval geen aanspraak op die opperhoofskap meer sou hê nie.

**Daar kan geen oplossing van die rassevraagstuk in Afrika wees nie, vervolg die blad, behalwe op die grondslag van afsonderlike ontwikkeling van die verskillende rasse, en dit behoort die taak van die witman te wees om die naturelle te help om suiwer te ontplooi.**

## Skotse Selfbestuur: $1\frac{1}{2}$ milj. Teken Versoekskrif

**Die vryheidsbeweging in Skotland is nog steeds besig om aan te was. Die versoekskrif om selfbestuur wat onderteken word met die doel om dit uiteindelik aan die koning voor te lê, het reeds 1,500,000 naamtekeninge van ondersteuners uit alle partye. Hoogs gesiene Skotte bevind hulle onder die leiers van die beweging.**

'n Konferensie is verlede week in Edinburgh gehou met die doel om 'n afvaardiging aan te wys om na Londen te gaan vir onderhandeling met die Britse regering. Indien langs hierdie weg nie daarin geslaag kan word om die ideaal van Skotse selfbestuur te bereik nie, sal die versoekskrif aan die koning voorgelê word.

### PARLEMENT AFSYDIG

In die Britse parlement geniet die Skotse beweging nie veel steun nie, ondanks die feit dat daar 71 Skotse verteenwoordigers in die laer- en 16 in die hoërhuis is. Die oorgrote meerderheid van hierdie Skotse parlementslede skyn tevrede te wees om die rol van stemvee in die oorvolle Britse „Huis" te speel.

Die amptelike beleid van die Liberale Party, met sy nege verteenwoordigers, is egter om selfbestuur aan Skotland en Wallis te gee.

## Sal Pad Baan Vir Partystryd In Stadsrade

Op die Kaaplandse munisipale kongres is besluit ten gunste van driejaarlikse verkiesings van stadsraadslede in plaas van die huidige stelsel waarvolgens een-derde elke jaar aftree en daar dus jaarliks verkiesings gehou word. **Een van die gevolge van die voorgestelde verandering sal wees dat dit makliker sal word om die stadsverkiesings op 'n partypolitieke grondslag te voer, volgens die Cape Times. As rede vir die verandering word genoem dat dit groter belangstelling in stadsverkiesings sal teweegbring.**


NOG 'N PAAR LINNEPAKKE WAT U BAIE VAN SAL HOU!

BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow






KWV

-Eau de Cologne en -Laventel



PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

K96



HIERDIE TABAK ...




verskaf werk aan duisende Suid-Afrikaners

TABAK is 'n uiters belangrike produk vir Suid-Afrikaners—en die vervaardigers van Springbok-sigarette het eerste hierdie rykdom vir die land ontgin. Veertig jaar gelede is alle sigarettabak ingevoer; vandag produseer 16,000 Suid-Afrikaanse boere blaartabak. Hulle is van die begin af aangemoedig en gesteun deur die vervaardigers van Springbok-sigarette, die oudste sigaretvervaardigers in Suid-Afrika. Die vervaardigers van Springbok het meer as 6,000 werkers in hul diens, en ondersteun nog steeds die Suid-Afrikaanse nywerheid deur groter werkverskaffing aan te moedig. Die verhaal van die Suid-Afrikaanse sigaret, is *hulle* verhaal.

—danksy die vervaardigers van

SPRINGBOK

Die Nasionale Sigaret




US400

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. **Vooruitbetaalbaar.** Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. **afslag.**

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

Aan Wollie en Marie, gebore Mouton, van Somarso, Goudiniweg, 'n fris seun op 27 April in die Eike-kraaminrigting. Albei wel. Dank aan dokter en suster.
3/5/1

### BATTERYE

Enige moeilikheid met u motor-, vragmotor- of trekker-battery. Wil dit nie krag hou of laai nie, probeer eers my behandeling voordat u 'n nuwe koop, en spaar so £de en £de. Behandeling vir 4 batterye 8/- posvry. Vir een battery 2/6 posvry. **J. Stemmet, Kloofsuis, Knysna.**
3/5/1

### GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

**Vars Gesertifiseerde Australiese bruin Uiesaad** teen 9/-, Chantenay Wortelsaad 6/6, Detriot Beetsaad 5/6 per lb. Vra om volledige pryslys van **Premier Saadkwekers, Pk. Sehoemanshoek.**
8/3/T.K.

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
C/1/9/49

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel allê siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
A/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 3) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.**
19/4/TK

### TE KOOP

Muilswingels teen 6/- en donkieswingels 5/6 een, trek, draaghoute teen 6/- een, op Serpentine systasie gelewer. **Koos Botha.**
3/5/4

### KOLLIES

Twee goud-bruin kolliereuns (4 maande). Stamboek-ouers. Met stamboek £5 stuk. Sonder, £4 stuk. Tevredenheid gewaarborg.—**N. J. Kotze, Rodenbeck, Bloemfontein.**
26/4/2B

### MEUBELS


**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentiies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad.
3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**
19/1/TK



*Wonings in die Verskiet*

Die weg na daardie woning is heel duidelik, en niks langer as wat u dit maak nie. Arbeidsaamheid, geduld, spaarsaamheid is die hoofvereistes. En Saambou sal u help. Hierdie Afrikaanse Bouvereniging het ook klein begin en hard gewerk. Geleenthede word aangebied vir veilige en voordelige beleggings. Begin nou, al is die beleggings klein. Moontlik is u binne enkele jare die trotse eienaar van daardie woning in die verskiet.

***£7/10/0 per maand word £375 in minder as 4 jaar:***

Stortings van £7 10s. 0d. per maand beloop £352 10s. 0d. in drie jaar en elf maande, waarop u minstens £22 10s. 0d. rente verdien teen die huidige rentekoers van Subskripsie-aandele. Met £375 0s. 0d. kan u reeds vir u 'n erf koop. Nog net 'n klein bietjie spaar en Saambou sal u help om die woning van u drome daar op te rig. Skryf om ons boekie „Belê veilig en voordelig," en doen ook navraag oor die skepping van 'n studiefonds vir u seun of dogter.

SAAMBOU (ONS BOU SAAM)

**SAAMBOU**
(PERMANENTE)
**BOUVERENIGING**
**HOOFKANTOOR:**
Sanlam-Gebou, Posbus 4180, Kaapstad.
Takkantore: Bellville, Bloemfontein en Pretoria.
Verteenwoordigers in alle vername dorpe.
BATE OORSKRY .. .. .. .. £1,800,000

# Al Slapende Leer Mens

**Amerikaanse opvoedkundiges maak tans reklame vir 'n nuwe metode om dinge te leer — enigiets van tale tot tafelmaniere — op 'n heel gemaklike wyse: in droomland.**

'n Apparaat met 'n spreekband word by die bed aangebring sodat die gehoorbuis onder die kopkussing lê. **Solank die persoon slaap, rol die apparaat die les af in die oor van die slapende. Op die duur reageer hy gunstig op die lesse.**

Die teorie agter die nuwigheid is dat mens se onderbewussyn wakker bly al slaap die brein. Die voorskrifte van die les word dus onthou en al wat nodig is, is dat die leerling die anderdagmôre die les vinnig deurlees. Hy sal dit dan beter onthou as wanneer hy dit in 'n nugter toestand geleer het. Persone wat dit probeer het, beweer dat hulle daarby baat gevind het. Taaluitsprake is verbeter in die geval van taalstudente, terwyl 'n vrou daarop aanspraak maak dat sy haar man geleer het om blaarslaai te eet deur die masjientjie onder sy kopkussing te plaas.

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuis-opwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens.
3/5/T.K.

### VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

*Gebruik*

**EPOL**
GEBALANSEERDE
**RANTSOENE**
*vir*
**Maksimum-Produksie**
*en*
**Groter Besparing**

**EPOL**
S.A.P.V.
**Pluimvee Mengsels en Pille**

**EPOL**
**Suiwel- Kalf- en Varkmeel**

Epol Gebalanseerde Rantsoene

VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

# Mag Soldaat Met Offisier Debatteer Oor Gegewe Bevel?

**Die eienaardige volkeregsbeginsel wat die Westerse oorwinnaars na die oorlog ingevoer het ten einde grootskaalse wraakneming op Duitsers moontlik te maak, het verlede week naklank in die Britse hoërhuis gehad toe veral die soldate-elemente onder die lords hulle teen die nuwe idee om ondergeskiktes verantwoordelik te hou vir die uitvoering van bevele van hoër offisiere, uitgespreek het.**

Admiraal die hertog van Cork het gepleit dat die reël moet geld dat 'n man wat 'n bevel gee wat deur sy ondergeskiktes uitgevoer word, verantwoordelik vir die daad gehou moet word. Hy het verwys na die teregstelling van 'n Duitse duikbootkaptein, sy assistent en twee junior offisiere omdat hulle tydens die oorlog op die bemanning van 'n Griekse skip sou geskiet het nadat hulle die skip gekelder het. Die bevelhebber van die duikboot se teregstelling was te regverdig, maar daar moes dit opgehou het, het hy gesê.

„As julle julself kan sien as 'n 21-jarige wat op die dek van die duikboot staan en redekawel met die bevelhebber omtrent wat deur die Haagse Konvensie neergelê is, moes julle baie dapperder op daardie ouderdom gewees het as ek", het hy gesê.

Die Voorsitter van die Hoërhuis, burggraaf Jowitt, het namens die regering geantwoord dat lord Cork die „Führer-beginsel" bepleit waarvolgens „al 'n mens se sedelike idees en verantwoordelikheid aan die absolute gesag van een man onderhewig gemaak word.'"

'n Ander lord het vertel hoe 'n ondergeskikte hom op bevel van 'n offisier in die eerste wêreldoorlog moes doodskiet. Hy het betyds ontvlug, maar die laaste ding wat by hom opgekom het, was om die ongelukkige soldaat wat hom moes skiet, dit kwalik te neem.

Die vraag of 'n soldaat die onmiddellike teregstelling deur sy eie krygsraad weens muitery sal verkies bo die waarskynlike teregstelling van 'n moontlike uiteindelike oorwinnaar omdat hy 'n vir die vyand onaanneemlike bevel uitgevoer het, is blykbaar nie deur die lords as 'n praktiese aspek van die beginsel bespreek nie.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# LAAT VAAR DIE PARTYPOLITIEK

**M. J. Palm, Bethlehem, skryf:**

Min. Havenga en die Afrikaner-Party hou bo menslike vermoë uit, alles terwille om eenheid te verkry, maar ongelukkig te vergeefs. Want ons bondgenote is nog vanaf die provinsiale verkiesing altyd besig met hulle ondermyningstaktiek en ons hou uit. Soos nou weer die oproep van Min. Strydom om die H.N.P. te versterk om sonder min. Havenga 'n republiek uit te roep. Dis 'n harde klap in ons leier se gesig. Oom Klasie wat gebloei het vir sy land en volk, dit alles sluk ons bitter.

Nou die dag weer min. Louw op Stellenbosch se kwaai klap in verband met apartheid vir ons leier. Ons sal graag wil weet watter soort republiek die H.N.P. wil hê? Min. Strydom s'n met een meerderheid, of dr. Malan se Empire-republiek met die Goewerneur-generaal as president.

Nee, liewe bondgenote, hierdie soort geklets sal net meebring die val van ons regering en verder niks. So staak jul getwis en red die land en volk. Mede-Afrikaners, ek weet, baie van julle mag dink dis nou 'n stem uit die woestyn, maar ek voel dis my plig om 'n beroep te rig aan al die partyleiers of groepleiers van ons volk, en ons hele Afrikanerdom om te kyk of die tyd nie nou ryp is, om partypolitiek in die ban te doen nie. Daar regering op regering al erken het dat partypolitiek lewensbelangrike dinge nie kan oplos nie, waarom dan nie die vloek van ons land en volk verwyder nie? Nee, Afrikaners, ons mors net tyd, maar twee dinge wat die O.B. voor staan sal kom: dis „'n partylose staat" en „'n Vrye Republiek." Of ons leiers wil of nie, die volk is sat en moeg vir die partygetwis en boonop spot hulle en die raad op ons koste.

Weg met die partye, die eenheid is daar, land en volk word gedien en later volg ons vrye Republiek op die breë volkswil wat sal blywend wees.

# Huggins Voor Stok Geneem

Sir Godfrey Huggins, Rhodesiese eerste minister, is verlede week in die Rhodesiese parlement voor stok gekry oor sy verwysing 'n tyd gelede na die Afrikaanse gemeenskap as 'n dislojale groep wat desnoods „teruggestuur sal word na waar hulle vandaan kom."

Mnr. J. L. Smit (Liberale Party) het gesê dat as die eerste minister duidelik gesê het dat hy net 'n uiterste seksie van die Afrikaners bedoel — soos hy in 'n latere verklaring beweer het, sou dit nie soveel ontsteltenis in Afrikaanse geledere veroorsaak het nie. Hy het sir Godfrey ook kwalik geneem omdat hy die uitnodiging na die Voortrekkerfees verlede jaar van die hand gewys het. As dit Cecil Rhodes was wat die uitnodiging gestuur het, sou dit nie geweier gewees het nie, het hy gesê.

## NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle grootte in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**

# DIE Boerejeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 3 MEI 1950

## Oudtshoorn Hou Laertrek

**BAIE SUKSESVOLLE SAMETREK GEHOU**

Die Boerejeug gebruik ook elke geleentheid wat hy maar moontlik kan kry, om 'n byeenkoms, laer, uitstappie of iets wat interessant is, vir sy lede te reël. Paasnaweek was in hierdie opsig ook nie 'n uitsondering nie.

Hierdie keer was dit Oudtshoorn en George se Boerejeug se kans om hulle eerste groot laertrek te hou. In hulle getalle het hulle dan ook vroegvroeg op allerlei maniere aangestryk na die plaas van oom Hennie Lamprechts, waar hulle hierdie lekker naweek sou deurbring.

Weens siekte kon Komdt. Hitge van Oudtshoorn nie die laer bywoon nie, maar Veldkornet Rossouw van Robertson het 'n gewillige hand uitgereik en gaan help.

Ja, elkeen wat reeds 'n Boerejeuglaer bygewoon het, sal seker al dink hoe aangenaam dit daar gewees het. By hierdie sametrek was daar heelwat lede wat nog nie vantevore 'n laer besoek het nie; kan julle onthou hoe julle die eerste keer gesukkel het om reg te kom — ja hulle ook maar. Maar dit het darem nie lank geduur voordat hulle ook kon komberse reg vou, tente netjies aan die kant maak, daardie links-regs verstaan het en geweet het waarvoor elke fluitjie met vlagparade geblaas word.

Saterdagaand is daar 'n model-kampvuur gehou wat deur besoekers van heinde en vér besoek en ten volle geniet is, want Finkel en Koljander het ook nie agtergebly nie.

Veral was dit baie aangenaam en bemoedigend om na die mooi boodskap wat genl. J. A. Smith—ja, ons ken hom mos as die eintlike Vader van die Boerejeug — aan die laergangers oorgebring het, te luister. 'n Mens het sommer weer geïnspireerd gevoel en nog meer lus gekry om met die werk aan te gaan.

Die sukses van die laer was tot 'n groot mate te danke aan die aangename ontvangs wat die laergangers van oom Hennie en sy gade gehad het, wat sekerlik sal bydra dat die Boerejeug van George en Oudtshoorn hulle uitnodiging om weer te kom laerslaan, nie sal vergeet nie. Ook die bystand wat van soveel ander verkry is om die laer suksesvol te laat verloop, word baie waardeer.

Die Boerejeug sien uit na die volgende laer!

## Aan Ons Kommandant Jannie du Toit

Jannie, die Boerejeug wil vir jou baie dankie sê vir al die dienste wat jy sover aan ons bewys het.

Ons onthou nog daar vroeg, 'n paar jaar gelede, het ons eenkeer van so 'n ywerige Veldkornet verneem wat so goed met sy afdeling in Hopefield woeker. En toe weer in Stellenbosch. En nogeens daarna in Kaapstad was ons aandag op jou gevestig. Hier in die stad was jy verantwoordelik vir die opbou en instandhouding van 'n aktiewe Boerejeug-eenheid; ons dink aan jou spankamers, staptoere, laertrekke, opvoerings, dienslaers en nog so baie ander aktiwiteite. En nooit het jy jou eie gerief in aanmerking geneem wanneer jy die Boerejeug kon bevoordeel nie.

Maar ons onthou jou veral eers as die redakteur van Kaapland se blad, „Opsaal" en daarna van ons mondstuk „Die Boerejeug". Hoeveel tyd jy daaraan bestee het en hoe swaar dit gegaan het om elke week aan ons lesers iets interessants te bied, weet jy alleen. Ons kan alleen raai, en wil dan daarvoor „baie dankie", sê.

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

Waar jy nou vir so 'n ruk, weens die ander werkkring, van ons moet weggaan en nie meer aktief aan ons verrigtinge sal kan deelneem nie, wil ons jou alle sukses toewens. As ons eerlik wil wees, wens ons dat jy liewer nie gaan nie, want ons het jou baie nodig, maar ons sal maar onsself troos deur te wag totdat jy weer beskikbaar is.

Intussen, nogeens namens ons almal, baie dankie Jannie vir al jou baie gewaardeerde dienste. Al is jy 'n ruk hier van ons weg, sal ons darem nog elke dag kan sien watter goeie dienste jy vir ons nagelaat het.

Alles van die beste,
Jou Kamerade,
Die Boerejeug.

## BRIEWE-KOLOM

Posbus 3471,
KAAPSTAD.

Beste Maats,

Hierdie week is twee briefies. Ons plaas hulle hieronder:

SARIE en COENIE THERON, S.A. SPOORWEë, KOFFIEFONTEIN, skryf gesamentlik dat hulle twee gediggies aan ons stuur. Ons plaas een van hulle elders in ons blad. Van die ander gediggie sal ons egter nie kan gebruik maak nie. (Baie dankie maats, skryf nog gediggies vir DIE BOEREJEUG, dit is baie welkom.—Red.)

VELDKNT. H. J. LAMPRECHT, OOSTELIKEWEG 78, OUDTSHOORN, skryf dat hy voel dat hy aan ons 'n boodskappie moet stuur. (Baie dankie Veldkornet. Indien moontlik sal ons dit invoeg by die berig in verband met die laertrek. — Red.)

Hierdie week is dit ook my onaangename taak om aan julle mee te deel dat dit die laaste keer is dat ek aan julle sal skryf, aangesien ek binnekort Kaapstad moet verlaat.

H/Komdt. Taljaard, wat nou hierdie baie aangename taak van my oorneem, sal egter toesien dat julle nooit afgeskeep sal word nie. Ek vertrou dat julle, net soos in die verlede, hom gereeld sal help om die blad vol te kry.

My hartlike dank aan julle almal wat so getrou gehelp het en briefies geskryf het. Dit is met hartseer dat ek van julle afskeid neem. Mag ons almal getrou bly aan ons Boerejeug. Eens Boerejeug, Altyd Boerejeug!

Hartlike Boerejeug-groete.
(Get.) Jan du Toit,
gewese Redakteur,
DIE BOEREJEUG.




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."

## Geluk, Generaal

Die Boerejeug wil graag aan generaal Dirk van Rooy hulle gelukwense oordra met sy benoeming as waarnemende Leier van die Ossewabrandwag terwyl ons geagte K.G. vir 'n tydperk nie die teuels in hande sal kan hou nie.

„Kinders moet gesien en nie gehoor word nie", lui die spreekwoord. Die groot-O.B. sal ons as kinders darem seker nie kwalik neem as ons onsself nou so bietjie laat hoor nie, wanneer ons aan hulle die versekering gee dat hulle in Ons Generaal 'n goeie waarnemende Leier het. Ons as u kinders praat uit ondervinding — in hierdie keer in elk geval. U kan ons gerus glo. Baie geluk, Generaal.

## VERJAARDAG-KETTING

**MEI**

3 Fredrika Fourie, Stutterheim.
Magdalene de Bruin, Aliwal-Noord.
Tertius Breytenbach, Kirkwood.
Elizabeth Niemand, Oudtshoorn.

4 Rocco Joubert, Hugenoot.
G. Rademeyer, Oudtshoorn.
Johanna Calitz, Oudtshoorn.
Susanna Volschenk, Frankfort.

5 Olga Frankot, Stellenbosch.
Pieter Siebrits, Franschhoek.

6 Susan Hugo, Franschhoek.

7 Daniel Steenkamp, Kenhardt.
Barbara Herholdt, Koffiefontein.

8 Xafier Broodryk, Loxton.

*Vir die Kleingoed*

## OUMA VERTEL

**(DEUR OOM KAREL)**

**('n Verhaaltjie oor een van ons kamerade wie se vader 'n slagoffer van die stryd om die Empaaier geword het.)**

Ouma is al oud. Sy sit stil in die son. Pietie speel by haar. Sy pas hom op want sy ma moet werk. Sy pa is in die tronk. Dit weet hy want soms gaan hy met sy mammie daarheen om hom te sien.

„Wat het pa dan gedoen dat hy daar moet bly ouma?"

„Nee 'n mens vra nie so nie. Jou pa het niks gedoen wat nie goed is nie. Hy het vir sy land geveg, terwyl party by die huis gesit en ander weer vir die Empaaier geveg het."

„Gaan al die mense wat veg dan tronk toe?" wou hy weet.

„Nee net party. Maar moenie so uitvra nie ek sal liewer vir jou 'n storie van die ander oorlog vertel."

Pietie het stil gaan sit om te hoor. Sy hond het by hom gelê. Ouma het gesê: „Toe ek nog jonk soos jy was, het ons daar ver op 'n plaas gewoon. Toe was dit oorlog. Oupa het met die Boere saam gaan veg. Ons wat by die huis so alleen moes bly, was baie bang. Die kaffers het ons vee kom steel. Snags het ons hond Wolf by die kraal gebly om wag te hou.

Een nag het Wolf hard geblaf. Ons het die vee hoor hardloop uit die kraal. Toe ons die môre opstaan, het Wolf voor die deur gelê. Ons vee was weg. Net 'n paar dooie skape het op die werf rond gelê. Wolf het nie soos altyd die skaap opgepas nie. Hy het net so bly lê en die bloed van sy bek gelek.

Ouma was kwaad vir Wolf om hy ons skape dood gebyt het. Sy het die roer gaan haal om hom te skiet. Ek het gehuil want ek was baie lief vir Wolf. Ek het om sy nek gaan vat. Sy sien toe dat Wolf se rug seer is.

Ons het na die kraal gegaan waar daar nog twee skape gelê het, hul kele was afgesny. Die ander vee was weg. Toe het ek groot geskrik en Ouma gewys. Daar het twee kaffers in die hoek van die kraal gelê. Ouma het gesien hulle was dood. Ons het nader gaan kyk. Hulle was verskeur.

„Dit is die goeie Wolf se werk," het sy gesê. Ons het gou vir Wolf gaan kos gee en Ouma het hom salf gesmeer. Hy het gou gesond geword en weer ons vee opgepas. Al die ander skape het onder in die vlei gewei. Ons het hul weer gaan haal.

Toe Oupa van Ceylon af terugkom, het Ouma hom vertel. Hy het vir Wolf 'n mooi halsband van leer gemaak met twee blink knope daarop.

„Waar is Wolf nou?" Wou Pietie weet.


„Daar onder die peerboom in die tuin rus hy. Sy halsband lê in my kas. As jy 'n soet seuntjie is tot jou Pappie kom en jou hond groot word dan kan hy Wolf se halsband dra."

## ONS LEIERS

**deur COENIE en SARIE THERON, Koffiefontein.**

Laat hul Churchill dan maar roem.
En al die Ambassadeurs se name.
Solank ons Hans van Rensburg net kan noem
Hoef ons ons nooit te skame.
En dan nog J. A. Smith,
Watter mooie naam is dit!
Luister ook na Dirk van Rooy,
Ai! Dit klink mos al te mooi!
Vir hulle leiding wil ons Jesus dank,
En bid: Ag Vader spaar hul vir ons lank.

TOERISTEBURO



**REIS sonder las**

Wanneer u 'n reis onderneem wat hotelakkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg insluit, waarom dan uself met die lastige reëlings bemoei? Die S.A.S.-toeristeburo sal dit alles met graagte vir u reël, of u nou al per trein, padvoertuig, skip of vliegtuig gaan reis. Daar is slegs één kantoor om te besoek, net één betaling om te doen. Kán dit geriefliker?

Indien u u lugreis per Springbokdiens onderneem, en u plekbespreking deur middel van die Toeristeburo doen, sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk vir u gereël word.

*Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester*

S.A.S. TOERISTEBURO

*GEBRUIK ONS REISIGERSTJEKS*

5153/1a

# AUSTRALIË VERKLAAR OORLOG TEEN ROOI VYFDE KOLONNE

**Twee gebiede in die Britse statebond het die afgelope week maatreëls teen die Kommuniste aangekondig. In Australië het die eerste minister, R. G. Menzies, wetgewing ingedien wat die Kommunistiese Party onwettig verklaar en bekende Kommuniste uit die staatsdiens en sleutelposisies in die nywerhede skop. In Rhodesië is 'n wetsontwerp aangekondig wat magte aan die regering verleen om kommunistiese optrede te verbied, ook wat propaganda-middele betref.**

**„Dit sal 'n daad van kriminele dwaasheid wees om Kommuniste in sleutelposisies in lewensbelangrike nywerhede te laat, sodat ten spyte van hul geringe getal, hulle vernietigende resultate kan behaal wat vyf leërkorpse nouliks sal regkry," het die Australiese premier gesê toe hy die wetgewing voorgestel het.**

Die wetsontwerp beoog om:

- Die Kommunistiese Party onwettig en al sy fondse verbeurd te verklaar. Die party sal geen reg op appèl hê nie.
- Gee die regering die reg om enige verwante Kommunisties-beheerde organisasie wat as gevaarlik beskou word vir die land, onwettig en sy fondse verbeurd te verklaar. Hulle sal wel reg hê om appèl aan te teken.
- Verbied amptenare en lede van sulke onwettige organisasies om met hul bedrywighede voort te gaan op straf van vyf jaar opsluiting.
- Gee die regering die reg om enige persoon te „noem" wat op of sedert 10 Mei 1948 lid was van 'n onwettig-verklaarde organisasie. **Die doel van hierdie terugskuiwing van die datum is om te verhoed dat Kommuniste kort voor die wet van krag word, op groot skaal uittree.**
- Sulke „genoemde" persone te verbied om enige betrekking te beklee in die staatsdiens of in vakbonde wat as lewensbelangrik vir die veiligheid van die land beskou word.

**Die name van 53 Kommuniste is deur die Eerste Minister genoem wat deur die wet getref sal word, en die nywerhede wat in gedagte gehou word, is onder meer die staal-, steenkool-, vervoer-, ingenieurs- en kragverskaffingsnywerhede.**

### OORLOG

**„Hierdie wet beoog om doeltreffend op te tree teen die koning se vyande. Ons verkeer nie op 'n voet van vrede nie, behalwe in tegniese sin. Die Sowjet het die tegniek van koue oorlog vervolmaak. Ons sou nie 'n vyfde kolonne van 1939 tot 1945 geduld het nie, en ons is ook nie van plan om een in 1950 te duld nie," het die eerste minister gesê.**

Die Rhodesiese wetgewing gee 'n breedvoerige beskrywing van wat onder 'n Kommunis verstaan word. Dit sluit in die verkondiging van 'n totalitêre staatsidee, die ontkenning van fundamentele regte en vryhede, gebruik van geweld en skrikaanjaging ten einde veranderings teweeg te bring, verspreiding van propaganda ter omverwerping van gevestigde regering, verdediging van totalitêre lande se gewelddadige optrede, bepleiting van lydelike verset en die ondersteuning van Marxistiese leerstellings.

**Die wetgewing sal die regering die reg gee om koerante en tydskrifte te verbied met goedkeuring van die parlement.**

## V.P.-VLEIS ?

„Wat die vleistoestand betref, sal die Regering die publiek binnekort aangenaam verras. Eersdaags sal alle redelike mense weer tevrede wees, het mnr. M. J. van der Berg, L.V., op 'n Nasionale Party-vergadering gesê.

„Daar is vandag geen rede meer vir die Verenigde Party om te bestaan nie." (Die Burger 29 April).

Behalwe ou perde, nou ook ou partye na slaghuise?

## MIDDE-AFRIKA AAN DIE KOOK

**In sy stryd teen verhewigde Kommunistiese opstoking het die Belgiese regering in die Kongo reeds so ver gegaan om enige koerant wat opruiende leesstof bevat, in die ban te doen, het 'n besoekende joernalis uit die Belgiese Kongo, mnr. A. Pecles, verlede week in Kaapstad in 'n persoonderhoud gesê. Drastiese stappe is ook gedoen teen organisasies wat die blanke bestuur ondermyn het.**

Ook uit ander Belgiese bronne blyk dit dat die Kommuniste hulle baie skerp toespits op die Kongo, wat ryk is aan uraan — die grondstof vir die vervaardiging van atoombomme. Daar is selfs 'n vermoede dat Moskou in hierdie stryd gebruik maak van opgeleide toordokters wat die inboorlinge begeester. In die verband word verklaar dat die Russiese gesantskap in Abessinië die kragbron is agter die ondergrondse bedrywighede in Midde-Afrika. **Soos voorheen in Die O.B. berig, het Moskou onmiddellik na die oorlog 'n buitengewoon lywige gesantskapspersoneel na Addis Abeba gestuur. Daar was nie minder as 75 lede met die eerste besending nie, van wie sommige deel uitgemaak het van 'n wydvertakte „gesondheidsdiens" onder die inboorlinge.**

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

gee dat Suid-Afrika daardeur 'n republiek geword het. Dit sal aan Afrikanertoestande niks verander nie en republikeine sal dit nie verdra nie. **Die vasteland van Afrika is die wêreld se grootste onontginne gebied en voedsel vir die herrysenis van die verwoeste lande van die Weste moet daar geproduseer word. En in hierdie belangrike Afrika is Suid-Afrika aangewese om die hoofrol te speel.**

### VERAGTING

Maar in die wêreld word veragtend van Suid-Afrika gepraat omdat hy die agterryer van die Britse koninkryk is. **Die internasionale posisie roep luid na Suid-Afrika om 'n onafhanklike posisie te beklee in die statery van die wêreld.**

En in die tussentyd openbaar die partypolitiek daagliks, op alle terreine van die volk se lewe, sy magteloosheid. **As die partye, soos ooreengekom in 1941, hervormend wil optree en die herskepping van Suid-Afrika wil bewerkstellig, sal die Ossewabrandwag hulle help. Maar as die omstandighede dit eis, en die partye bly onwillig, sal die Ossewabrandwag dit self moet doen. Hy sal volkskandidate moet stel om die volk te red.**

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# Propaganda Deur Waarheid Ingehaal

**Die waarheid, wat soos gewoonlik die eerste slagoffer van 'n oorlog is, word tans, na vyf jaar van vrede, so drupsgewys uit die krygsgevangenekamp vrygelaat. Heelwat van die stories omtrent Duitsland wat gevoelens tydens en kort na die oorlog op loop gejaag het, word nou as onwaarhede aan die lig gebring. Een van die belangrikste hiervan is die sogenaamde massa-graf van geïnterneerdes by Dachau.**

**Volgens die Jewish Chronicle van 24 Maart het 'n deskundige ondersoek nou aan die lig gebring dat die bene wat uit die graf gehaal is, ouer as 50 jaar moet wees en dus nie kan behoort aan slagoffers van die Hitlerbewind nie.**

Die blad berig as volg:

„Wetenskaplike ondersoek na die menslike gebeentes wat onlangs in massa-grafte naby die konsentrasiekamp van Dachau gevind is, het bewys dat hulle minstens 50 jaar gelede al begrawe is, volgens die verslag van 'n gesamentlike Duitse en Amerikaanse kommissie van ondersoek. Dit, aldus die verslag, sluit enige moontlikhede uit dat die oorblyfsels aan inwoners van die kampe kon behoort het, soos aanvanklik gemeen is.

„Die wetenskaplikes se toetse is in Washington uitgevoer deur die patologiese instituut van die gewapende magte en die patologiese instituut van die universiteit van München."

### KATYN

Die voorval het die volgende kommentaar van die Britse blad Union ontlok:

**„As ons reg onthou sal die wetenskaplike getuienis van onsydige wetenskaplikes wat die massagrafte van Katyn ondersoek het, tot 'n heeltemal verskillende beslissing lei, en tog is die Duitsers te Neurenberg, in regstreekse stryd met die wetenskaplike getuienis en die oortuiging van alle Poolse gesag, opgesaal met die verantwoordelikheid vir die dood van die duisende Poolse offisiere.**

„Hierdie grootskaalse gelieg en verdraaiing van die waarheid ten einde blaam te werp op 'n voormalige vyand, moet 'n einde kry indien daar enige hoop moet wees op die vereniging van ons Europese volke vir toekomstige voortbestaan."

Daar sal onthou word dat 'n maand of wat gelede in die pers aangekondig is dat die Franse oud-president, Leon Blum, oorlede is. Kort na die oorlog is berig dat hy een van die slagoffers van 'n Duitse konsentrasiekamp was en dat die Duitsers hom deur 'n onbekende graf laat insluk het sodat niemand weet waar sy oorblyfsels rus nie. **Blum het kort daarna sy opwagting gemaak en sy marteldoodberig met vyf jaar oorlewe.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

**„Rembrandt vir ware rookgenot"**

sê

Mnr. M. C. BARNARD
SANDDRIFT, P.K. HAVANA.

*wenner van die sertifikaat vir die beste ligte lugdroogtabak (Groot Poel) vir die jare 1944, 1947 en 1948.*



„Vir jare soek ek al na 'n sigaret wat my tevredenheid kan gee en nou het ek dit in Rembrandt gevind . . . omdat Rembrandt net die top grade tabak wat deur ons boere gekweek word, gebruik, is dit hulle waarborg van kwaliteit en rookgenot."

M. C. Barnard.

ROOI VIR KURK
GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER




**Die Rembrandt-korporasie maak net EEN soort sigaret—die room van die oes gaan daarin. Die Rembrandt-naamtekening op elke sigaret is u waarborg van kwaliteit. Let daarop!**

Rembrandt
*Elke Sigaret 'n Meesterstuk.*

Kopiereg RBA 7